# Lesing 11 - 18 Maart 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 12 ontvang op 12 Augustus 2018

"Skryf hierdie woorde van MY neer MY Kneg:
MY Volk, julle het MY Profete verwerp en MY Woorde nie ter harte geneem nie! Julle het MY Brood uitgespuug! Julle het MY Wyn uitgegooi! Julle het die wêreld gekies en dronk geword van wyn wat deur die satan gemeng is! Nou begin julle staan: rug teen die muur! Julle begin rondhardloop! Julle oseane is onstuimig! **Julle wie MY en MY Liefde nie gekies het nie, MY Raad van Geregtigheid doen besoeking oor julle Aarde!"**

Openbaring 13 ontvang op 12 Augustus 2018

"Skryf verder MY Kneg, MY kind! Hoor MY Vader-Stem in jou! Jou Moeder is hartseer en jy kan dit voel in jou hart! Sy is deur menigte verwerp en voel soos 'n gevangene, amper nêrens welkom nie! MY Woorde is 'n Verterende Vuur, 'n Tweesnydende Swaard! Terselfdertyd is MY Woorde die magtigste Kragbron van Liefde en Wysheid. MY Woorde en Beloftes is Barmhartig en Regverdig. MY Stem bring Lewe en Waarheid en EK lei jou na die Ewige Lewe in MY Ryk.
MY Boerevolk, in elkeen van julle harte wil EK kom woon! Daar waar julle vergader, daar wil EK welkom voel en julle lei. **MY Huis is 'n Tempel, 'n Huis van Gebed in Daad en Waarheid, gegrond op MY Liefde!** EK het gesê ek woon nie in tempels wat met mensehande gebou is nie! MY tempel is in julle harte, maar julle het julle harte 'n rowerspelonk gemaak! EK IS sal in MY tempel inkom en dit suiwer en alles en almal uitjaag wat nie daar hoort nie! Dit sal EK doen deur MY Tugtiging en Geregtigheid, met MY Vader-liefde wat brand vir julle, MY kinders! Julle moet weet dat EK julle tugtig met MY Liefde, en julle het 'n vrye wil om te kies of julle MY Liefde wil aangryp, of nie.
KYK, as EK 'n Vyeboom vervloek, dan is die boom uitgedroog tot by die wortels! Soos daar geen lewe in 'n dooie liggaam is nie, net so is daar geen lewe in die doderyk nie! Dit is 'n uitgedroogde boom wat geen vrugte dra en geen lewe kan wek nie! MY kinders, watter boom groei julle in julle grond? 'n Boom van Liefde wat die smaaklikste Vrugte dra? Of 'n boom wat vrot en giftige vrugte dra wat stink? Nou is MY vraag aan julle: By wie het julle hierdie boom se saad gekry, watter saad is dit en hoe lyk die grond waarin julle die saad geplant het?
MY Volk, EK het vir julle menige uitnodigings gestuur. Deur MY Kneg Moses, regdeur al MY Profete en Voorlopers van ouds, tot by MY Bloedoffer van LEWE en VERLOSSING en OORWINNING, verby, tot vandag toe met MY Profete en Boodskappers wat steeds roep in die woestyn! **EK stuur steeds MY uitnodiging aan julle met MY Gilgal-Klipwiel-Gelofte en Belofte in hierdie tyd!** Dit is die herbevestiging en beklemtoning om julle harte van klip vir MY te kom offer vir 'n hart van vlees! **Dit is 'n geestelike saak tussen MY en jou!** MY Koninkryk is waarlik so naby nou dat die slapende sal wakker skrik en dit sal te laat wees! Julle wat slaap, gaan leer by die mier! Julle wat steeds die wêreld kies bo MY en MY Verlossing, julle huis is op sand gebou en julle troon op 'n vulkaan! So stap die tyd aan en EK nooi julle weer en weer. MY Fonteine is oop en MY Brood volop! MY Wyn loop oor van Barmhartigheid en Liefde! MY Olie in hierdie tyd so smaaklik tog so sielsbelangrik vir julle oorlewing in MY.
MY Winde bring MY Saad, wat die Saad van MY Boom is, MY Ewige Saad! Berei julle grond in hierdie tyd met haas! Maak skoon en suiwer! Vra MY vir Krag en Lig. Moenie slaap nie! Los julle valse liefdes wat vergaan! Dit gaan julle nie red nie. Kyk, net soos EK op die berg versoek was deur satan toe hy MY sy koninkryk aangebied het as EK voor hom sou kniel, net so word julle ook voor hierdie keuse gestel!
In hierdie tyd en die tye wat kom, los die getwis en gestry! Verenig met MY en raak weer MY Huisgesin! Soos kindertjies moet julle weer nederig glo in MY en MY Woord. Om MY en jou naaste lief te hê met woord EN daad, dít is waar MY Koninkryk is en dít is waar jy MY aanbid! Neem MY Beloftes ter harte en Vertrou op MY, julle Ewige en Enigste LIEFDE, EK IS WAT EK IS!"

# Lesing 11 - 18 Maart 2022 - 1 Petrus 2, die Geestelike Kliphuis (GILGAL)

1Pe 2:1 **LÊ dan af** alle besoedeling en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle haatspraak;
1Pe 2:2 en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die **onvervalste Melk van die Woord**, dat julle deur haar kan opgroei,
1Pe 2:3 as julle ten minste gesmaak het dat ons Meester vol Medelye is.
1Pe 2:4 **Kom na Haar toe, die Lewende Steen** wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]
1Pe 2:5 en laat julle ook **soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike Huis, 'n priesterdom van Apartheid, om geestelike aanbiedinge te bring wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.**
1Pe 2:6 Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, EK lê **in Sion 'n Grondsteen**, [‘n beproefde Klip,] ‘n kosbare Hoek[steen wat ‘n vaste fondament is,] hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]
1Pe 2:7 **Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar**; maar vir die ongelowiges geld die Woord: **Die Klip wat die bouers verwerp het, Sy het 'n Hoeksteen geword; [Psalm 118:22] en: 'n Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling** – [JeshaJaH 8:14]
1Pe 2:8 vir dié wat hulle teen Hom stamp, **omdat hulle aan die Woord ongehoorsaam is,** waarvoor hulle ook bestem is. [JeshaJaH 8:14]
1Pe 2:9 **Maar julle is 'n uitverkore saadlyn, 'n koninklike priesterdom, 'n apartgestelde nasie. 'n Volk as eiendom verkry,** om te verkondig die voortreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig, [Exodus 19:6]
1Pe 2:10 **julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van Elohim is**; aan wie toe geen Barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. [2 Ezra 1:35, 37; Hoséa 1:6-9]
1Pe 2:11 GELIEFDES, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle **te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel**;
1Pe 2:12 **en hou julle lewenswandel onder die nasies suiwer,** sodat as hulle julle laster as misdadigers, hulle op grond van die suiwere werke wat hulle aanskou, die Elohim kan vereer in die dag van besoeking.



